

Die Geloofsatleet 2

“SHOUT” to the Lord!



Zelda Pretorius

1e Uitgawe

April 2009

Indeks

1. Inleiding
2. Voorbereiding van die wedloop
 - a. Afsondering
 - b. Wag op die Here
 - c. Waak en bid
3. Opwarming
 - a. Woord van die Here
 - b. Gebooie bewaar
 - c. Onverdeeld fokus
 - d. Getuig!
4. Wedloop
 - a. Naam van Jesus
 - b. Bloed van Jesus
 - c. Amen
 - d. Hef op julle hande. Lofsing tot eer van die Here – jubel en juig! Halleluja
 - e. Gehoorsaamheid, getrouheid en toegewydheid
5. “SHOUT” to the Lord
6. Skare van geloofsgetuies
7. Slot
8. Bibliografie

1. Inleiding

Ek hoor gereeld: “Jy was nie ‘n normale mens nie, jy het net altyd gehardloop.” Maak nie saak wat ek doen nie, ek was nooit “normaal” nie. Ek het nooit “ingepas” nie, ek was nooit “deel” van die gewone lewe nie en dit het my soms gepla.

Nadat ek my 1e boek “Die Geloofsatleet” geskryf het, verstaan ek hoekom ek altyd “anders” was en ook sal wees. Wanneer ‘n mens werk om ‘n doelwit te bereik, sal jy jouself afsonder en fokus op jou doelwit. Baie min dinge sal jou van jou doelwit af wegtrek wanneer jy ernstig is.

Dit is waaroor “SHOUT to the Lord” gaan – hoe om jou af te sonder vir Gods Woord en nét so opgewonde, indien nie selfs meer, te raak in jou geloofswedloop nie. Ons gaan ook kyk wat beteken die begrip “SHOUT to the Lord!” en hoekom ons dit moet doen...



Het jy dieselfde oorwinning in en vir en deur God?

2. Voorbereiding vir die wedloop

Voordat 'n mens aan enige wedloop kan deelneem, moet hy eers vir daardie wedloop oefen. Vir gewone sport is dit maklik, daar is baie riglyne. Daar is baie boeke in die winkels en baie afrigters en kursusse wat jou kan help om te weet hoe om voor te berei en hoe om te oefen, maar is dit so maklik om te weet hoe om vir jou geestelike wedloop voor te berei? Hoe akkuraat is die boeke en die kursusse wat 'n mens vandag kry om jou te help met jou wedloop? Ons gaan in hierdie wedloopvoorbereiding net een boek gebruik en dit is die Bybel. Wat sê die Bybel hoe moet ons hardloop? Wat het ons nodig om die wedloop te voltooi? Wie is ons afrigter? Is die Bybel en die Afrigter betroubare bronne van inligting?

Vra jouself eerstens die volgende vraag af: Vertrou jy dat 'n woordeboek vir jou die waarheid vertel? JA! Vertrou jy die Here? JA! Dan moet jy ook vertrou dat die Bybel die waarheid van die Woord verkondig, want die Here sê dan so!

Ps 119:160 Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid.

Ons gebruik die Heilige Gees as afrigter, want Hy is gestuur na ons met 'n doel:

Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Noudat ons weet dat ons betroubare bronne raadpleeg: Hoe moet ons voorberei vir ons wedloop? Ons gaan kyk na 3 maniere:

a. Afsondering

Wanneer jy vir 'n wedloop oefen, dan kan 'n atleet nie altyd aan alles deelneem waaraan die gewone mense deelneem nie. Jy weerhou jouself van die lekker dinge, soos bv. Partytjies, laat slaap, gemorskos, drank ens. Die geloofsatleet moet hom egter afsonder soos wat die Bybel hom beveel, nie om hom te straf nie, maar om hom voor te berei om die wedloop te eindig en die hemelse prys te behaal

1Kor 9:25 En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike.

Gaan dit nie wonderlik wees om die onverwelklike krans te ontvang nie! Die ewige lewe! Hoeveel keer het die Here nie belowe dat ons die kroon van die Lewe sal ontvang as ons Hom volg tot op die einde nie?? Mag ons dan nog aan al die aardse genot deelneem? Gaan die Here wat hierdie belofte gemaak het, ons aanneem as ons nie onself vir Hom afsonder nie?

b. Wag op die Here

Wat beteken dit? Of vra ek nou heeltemal te veel indringende vrae om van hierdie boek 'n lekkerlees boek te maak?

Onthou, ons is hier besig om aan 'n oefenprogram te werk en wanneer 'n mens oefen, is dit nie altyd 'n aangename ervaring nie. Jou afrigter sê/gee soms goed wat jou gaan vermoei en jou irriteer, want niemand hou daarvan om moeg te word of moeilike dinge te doen nie. Ek gaan 'n klomp vrae vra, want ek is nie daar om vir jou die oefenprogram te gee of die wedloop vir jou te hardloop nie. Nee, die gedagte is dat jy, die leser, self moet gaan ondersoek instel of dit wat die Heilige Gees hier vir my geopenbaar het, die waarheid is, want dan alleen kan jy verantwoordelikheid aanvaar vir jou oefenprogram en jou wedloop – JOU LEWE!

Ps 27:14 Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!

Jes 40:31 maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

Ps 33:20 Ons siel wag op die HERE; Hy is ons hulp en ons skild;

Hoekom moet ons wag op die Here?

Ons het vroeër gesê dat ons die wedloop hardloop om die onverwelklike kroon te ontvang. Om dit te kan kry moet ons harte sterk wees. Ons kry ook nuwe krag van die Here en ons word nie moeg nie. Die Here is ons skild en ons hulp wanneer tye moeilik raak en die paaie krom. Daarom moet ons wag op die Here, want Hy alleen gee vir ons die krag om die wedloop te kan voltooi sodat ons Sy belofte kan ontvang. Hy sal nie iets belowe en ons alleen los om op ons eie aan te sukkel nie. Geen afrigter sal vir jou sê dat jy die rekord kan hardloop en vir jou die program gee en jou dan alleen los nie! Nee, hy sal jou bystaan en alle hulp gee totdat jy dit regkry. Die Here sal ook, want Hy is die wynstok en jy die loot. Alleen beteken die loot niks. Dit is baie belangrik – ons lewe op aarde beteken niks – ons is hier op aarde geskape om Hom te loof en te eer tot in ewigheid!! So, die Here sal ons help en ons bewaar as ons op Hom wag, want Hy gee krag om die wedloop te hardloop sodat ons Hom daardeur kan loof en eer met ons hele hart en siel. Daar kan geen oppervlakkigheid in hierdie jubelings wees nie! Dit is nie daar net vir die vertoon op die baan nie. NEE! Jy moet Hom verheerlik deurdat Hy jou die krag gee vir die lewe op aarde. Wanneer ons wag op die Here, sal Hy ons help om van elke probleem 'n uitdaging en getuienis te maak. Sonder krag en hulp sal ons nie voldoende voorbereid kan wees vir hierdie wedloop nie.

c. Waak en bid

Waak en bid... Ai, 'n baie moeilike opdrag. Nie eers Jesus se dissipels kon dit regkry nie!

Matt 26:40 *En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?*

Hoekom moet ons waak en bid? Hoekom is dit belangrik vir die atleet?

Mark 14:38 *Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.*

Mark 13:33 *Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.*

Ons moet waak en bid, want ons weet nie wanneer die einde van die wedloop is waar ons die beloofde kroon kan ontvang nie! En soos met alle dinge op aarde, as ons nie weet wanneer die einde daar is nie, dan raak ons moeg, verveeld of sommer net eenvoudig gestel, ons gee op, want ons vlees is swak. Ons moet waak en bid sodat ons nie in versoeking kom nie, maar afgesonderd bly sodat ons die krag van die Here kan kry om te kan volhard!

1Pet 4:7 *En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid.*



3. Opwarming

Elke atleet weet wat die belangrikheid van opwarming in sy oefenprogram is. As jy nie voldoende opwarm nie, kry jy beserings en dit is baie nadelig vir jou oefenprogram. Soms is dit nie te erg nie, dan kan jy weer gou begin oefen, maar soms is dit so erg dat 'n atleet se hele loopbaan aan skerwe lê. Dit kan ook by die geloofsatleet gebeur. Hy het mooi begin oefen en hy is deur die doopwaters van bekering, maar dan kom hy agter dat die pad van afsondering eensaam en smal is. Hy moet homself weerhou van baie aardse plesiere en hy raak verlate van vriende en familie.

Mat 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Luk 21:17 En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam.

Ps 27:10 Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die HERE sal my aanneem.

Die beserings kan dus groot wees as jy nie reg opwarm nie. Hoe moet ons dus opwarm voor ons wedloop?

Deur dit te hou na die Woord van die Here	<i>Ps 119:9.</i> Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.
Ons moet die gebooie van die Here bewaar	<i>Ps 119:10</i> Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooie nie
Ons moet die Woord van die Here op ons harte geskryf hou	<i>Ps 119:11</i> Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. <i>Ps 37:31</i> Die wet van sy God is in sy hart; sy gange sal nie wankel nie. <i>Spr 4:20- 22</i> My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart.

	<i>Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.</i>
Ons moet ons onverdeeld op Hom gerig hou	<i>2Kro 16:9 want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is; Heb 12:2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, 1Kor 9:26 Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.</i>
Ons moet getuig!	<i>Joh 15:27 En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is. Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;</i>

Al hierdie dinge vra dat ons aktief moet gereed maak én bly vir ons wedloop! Gewoonlik verskil 'n atleet se opwarming tydens sy oefening van dié wanneer hy regmaak vir 'n wedloop. Dit is die grootste fout wat hy kan maak. As hy nie gaan hardloop soos wat hy geoefen het nie, kan hy steeds seerkry! Jou opwarming moet so integraal deel van jou lewe word dat jy nie eers agterkom wanneer jy oefen en wanneer jy hardloop nie. Dan kan jy weet dat jou voorbereiding sterk is! So, skryf die Woord én die Gebooie van die Here op jou hart, rig jou hart en siel onverdeeld op Hom en getuig van Sy wonderdade en krag in jou lewe! Daagliks!



Noudat jy opgewarm het, is jy gereed vir jou wedloop. Dit vloei net oor in die volgende stap. Daar is geen stop/rus tussen-in nie. Dit is een proses van uithou en aanhou en volhou.

4. Die wedloop

Dit waarvoor almal voorberei en waarna almal uitsien! Jy wil tog nie heelyd oefen en geen resultate sien nie! Die aardse wedlope verskil so baie soos wat daar sportsoorte is, maar daar is net een hemelse wedloop en dit is die een van die Ewige Lewe! Hierdie wedloop is baie spesiaal en het sekere vereistes:

Op julle merke, gereed...



BANG!

AKSIE!!

Enige wedloop vra vir **aksie!** Daarsonder gaan jy nêrens kom nie. Jy gaan beslis nie die eindstreep haal nie!

Wat is hierdie **aksie?**

Jesus het gesê dat ons enigiets in Sy Naam kan vra en die Here sal ons gebede verhoor. Ons moet ook die bloed van Jesus uitroep oor enige siekte, vir beskerming of om duiwels uit te dryf en Jesus sal antwoord! Wanneer ons dit gevra en gedoen het, moet ons ook AMEN sê daarop saam met die skare van geloofsgetuies, sodat ons kan glo dat ons gebede verhoor is en dan HALLELUJA uitroep met die hande omhoog tot in die troonsale van God om Hom al die lof en eer te gee vir dit wat Hy vir ons doen en vir die krag wat Hy vir ons gee om hierdie wedloop te kan hardloop en Sy geboorte te onderhou met volharding, getrouheid en gehoorsaamheid!

Dit is nie 'n aksie wat net so af en toe gebeur nie. Dit is daagliks en vir die res van jou lewe!



YES!

Jy moet **AKTIEF** daaraan deelneem anders gaan jy die wedloop verlaat met 'n besering. 'n Atleet is nie skaam om voluit te hardloop nie, hoekom moet ons skaam wees vir die Woord van die Here?? Gaan uit en neem deel en laat jou stem en liggaamstaal duidelik wys aan watter wedloop jy deelneem!

a. Naam van Jesus

In die Naam van Jesus kan ons baie dinge doen! Jesus Christus, wat aan die kruis gesterf het, begrawe is en op die derde dag die dood oorwin het, het daardeur aan ons die krag en outoriteit gegee om in Sy Naam wonderwerke te doen, soos wat Hy gedoen het en nog meer!

***Joh 14:13** En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.*

***Joh 14:14** As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.*

***Joh 16:23** En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee.*

***Kol 3:17** En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.*

***Joh 14:12** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.*

AKSIE 1 = Bid in die Naam van Jesus

b. Bloed van Jesus

Wanneer die kruisiging en opstanding van Jesus vir jou 'n werklikheid is en jy daarvolgens léwe (Romeine 6), dan het jy die mag verkry deur die bloed van Jesus om vir Satan en sy gesante teë te staan! Jesus het die grootste offer aan die kruis gebring – Hy het Sy goddelike, rein bloed vir ons aan die kruis laat vloei sodat dié wat in Hom glo, die ewige lewe kan beërwe! (Joh.3:16). Hierdie bloed van Jesus is dus die beste skoonmaakmiddel op aarde, want dit reinig jou hart van al jou sonde en gee jou die beskerming van Jesus tot in ewigheid! Jesus se bloed het vrylik gevloei by die kruis en dit het alles oordek. So kan ons vandag ook glo dat ons alle siekte en gevaar kan

voorkom/herstel deur die bloed van Jesus daarvoor te pleit. Dit is veral belangrik as ons in ag neem dat die bloed van Jesus ons beskerm teen die bose. Gewoonlik trek bloed vlieë nader, maar die suiwer bloed van Jesus verjaag die bose! Satan kan die krag van die bloed van Jesus nie weerstaan nie! Dit is soos 2 magnete wat mekaar afstoot – Satan kan nie naby jou kom wanneer jy onder die dekmantel van Jesus se bloed is nie! So ook kan geen siekte vashouplek kry in ons liggame as ons die bloed van Jesus oor daardie siekte uitspreek en dit glo nie!! Watter offer het ons nie aan die kruis en Jesus nie! Eer jy daardie offer?

***Open 1:5** en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed*

***Heb 10:19-22** Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.*

***Efes 1:7** In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,*

Deur Jesus se offer van Homself aan die kruis, het ons die krag en outoriteit ontvang om in Sy naam en in Sy bloed te werk as ons Hom eer.

***Matt 28:18** En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*

***Luk 10:19** Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.*

***Eer jy die Naam en Bloed van Jesus? Glo jy dat jy die krag ontvang
het om siektes en duiwels te kan weerstaan? Tree jy aktief op in
Jesus se Naam?***

AKSIE 2 = Roep die Bloed van Jesus uit oor alle siektes, gevare,
bekommernisse en vir beskerming.

c. Amen

As jy JA geantwoord het op bogenoemde vrae, dan moet jy ook aktief
begin om God te dank vir die beloftes en gebede wat Hy verhoor het. Dit
kan jy doen deur Amen te sê op alles wat jy vra én glo.

Amen beteken volgens die HAT: Laat dit so wees / volkome instem / die
woord is vas en betroubaar. Dus, wanneer ons “Amen” op ‘n woord of
gebed, dan glo ons dat daardie woord vas en waar is en sal gebeur
volgens die belofte van God! Ons moet dus aktief glo en vertrou!

1Kron 16:36 Geloofd sy die **HERE**, die God van Israel, van ewigheid
tot ewigheid! En die hele volk het gesê: Amen! en: Prys die **HERE**!

Jer 28:6 en die profeet Jeremia het gesê: Amen, laat die **HERE** so doen!

Matt 6:13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die
Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid
tot in ewigheid. Amen.

Rom 16:20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle
voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle!
Amen.

2Kor 1:20 Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom
is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.

1Tim 1:17 Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike,
alleenwysige God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid.
Amen.

2Tim 4:18 *En die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.*

1Pet 4:11 *As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.*

1Joh 5:21 *My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.*

Open 1:4-6 *Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.*

Die Here het ons konings en priesters gemaak deur Sy Seun, Jesus Christus. Jesus het die prys betaal vir ons sondes, ons gewas in Sy bloed! Amen, Loof Hom vir Sy offer! Nou kan ons saam met dié Eersgeborene uit die dode opstaan en ons erfenis in besit neem en saam met Hom regeer. As erfgenaam van die Koninklike heerskappy het ons die outoriteit om in Jesus se Naam te lééf en te regeer op aarde. Amen! in Jesus se naam.

AKSIE 3 = Antwoord met ‘n Amen op elke gebed / woord wat tot die Here gerig is.

**d. Hef op julle hande. Lofsing tot eer van die Here – jubel en juig!
Halleluja!**

Noudat ons al die krag van die Here ervaar het, moet ons ook Hom loof en dank vir Sy getrouheid! Die eerste ding wat jy van jou ouers leer, is asseblief en dankie. Jy moet mooi vra vir iets en dan ook altyd dankie sê wanneer jy iets ontvang het. Net so vra ons hemelse Vader van ons om vir Hom dankie te sê vir dit wat ons van Hom vra en ontvang. Ons het in die eerste punte van hierdie wedloop beskryf hoe ons goed vra in Jesus se naam en hoe ons glo dat ons dit sal ontvang! Hoe lank sal die Here aanhou om vir ons te gee as ons nooit terugkom en dankie sê nie?

Hoe sê ons dankie vir die groot en magtige daede wat die Here in ons lewens doen en vir ons belowe? As 'n kind 'n geskenk van sy ouers af kry, gaan hy agter sy ma se rokspante wegkruip en saggies vir haar dankie sê of gaan hy na haar to hardloop en haar omhels en uitbundig jubel en dankie sê? Sover ek weet sal enige kind met groot gejuig dankie sê vir dit wat hy ontvang het, veral as dit op 'n tyd kom wat hy dit nie verwag het nie!

Net so moet ons ook dankie sê. Ons is kinders van ons hemelse Vader en ons het die vrymoedigheid om Hom iets te vra. Dan moet ons ook die vrymoedigheid hê om vir Hom te loof en dank vir daardie iets wat ons gevra het! Dit kan dus nie saggies gedoen word nie. Net soos 'n klein kindjie, mag ons ook ons arms in die lug gooi na Sy troonsaal en hom dank. Ons mag Halleluja sing en lofprysinge tot eer van Sy naam, want Hy is tot in ewigheid!

Ps 115:18 maar óns sal die **HERE** prys, van nou af tot in ewigheid.
Halleluja!

Ps 146:1 *Halleluja! Loof die HERE, o my siel!*

Ps 148:1 *Halleluja! Loof die HERE uit die hemele; loof Hom in die hoogtes!*

Ps 149:1 Halleluja! Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die gunsgenote!

Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here

Ps 134:2 Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die HERE!

AKSIE 4 = Hef julle hande op en Loof Hom, Prys Sy naam. Halleluja!



*Reach out and touch the Lord as He passes by
He will never be too busy
To hear your heart's cry
Reach out, He's here this moment
Your need to supply
Reach out and touch the Lord
As He passes by*

Geloof gee krag!

Han 3:16 En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal.

e. Gehoorsaamheid, getrouheid en toegewydheid

Ons het gevra, God het gegee en ons het Hom daarvoor gedank. Wat meer moet ons nog doen? Is ons wedloop sterk en op die regte pad? Ja, maar daar is nog vereistes. God vra ook dat ons gehoorsaam sal wees en sy wette/gebooie sal bewaar vir altyd. As ons gehoorsaam is, het ons niks om voor bang te wees nie. Is dit so moeilik om toegewyd na Sy stem te luister?

Exo 20:12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Deut 26:17 Vandag het jy die HERE laat verklaar dat Hy vir jou 'n God sal wees, en dat jy in sy weë moet wandel en sy insettinge en sy gebooie en sy verordeninge moet hou en na sy stem moet luister.

Luk 9:35 En daar kom 'n stem uit die wolk wat sê: Dit is my geliefde Seun; luister na Hom!

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Wanneer ons gehoorsaam na die stem van die Here geluister het, sal Hy voorsien! Gehoorsaamheid vra egter dat jy aktief iets moet doen voordat jy iets sal kry.

2Kon 4:3-4 En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie. Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is.

2Kon 5:1+10 En Naäman, die leërowerste van die koning van Aram,... was 'n dapper held, maar melaats. / Toe stuur Elísa 'n boodskapper na hom om te sê: Gaan heen, was jou sewe maal in die Jordaan; dan sal jou vlees terugkeer, en jy sal rein wees.

Hos 10:12 *Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.*

Joh 9:6-7 *En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man en sê vir hom: Gaan was jou in die badwater Silóam, wat vertaal word: Uitgestuur. En hy het gegaan en hom gewas; en hy het siende teruggekom.*

Joh 11:39 *Jesus sê: Neem die steen weg. Martha, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood.*

Elkeen van hierdie mense moes eers iets doen voordat hulle seën / genesing ontvang het. As hulle sou kies om nie gehoorsaam te wees nie, sou hulle nie ontvang het uit die hand van die Here nie! Gehoorsaamheid is van kardinale belang om jou wedloop suksesvol te hardloop.

As ons dus gehoorsaam is en Hom getrou volg en al Sy gebooie bewaar, sal die Here ons ook help in ons wedloop om die onverganklike kroon te behaal! Hy sal ons nie in die steek laat nie. Hy is getrou - tot in ewigheid!

AKSIE 5 = Gehoorsaamheid + Getrouheid

So spreek die Here, HERE

*Luister na Hom wanneer Hy praat. Sy Naam staan nie verniet in hoofletters geskryf nie!
Hy het nie nodig om Sy stem te verhef om gehoor te word nie. Uit gesag en outoriteit wat Hy by die Vader gekry het, praat Jesus en ons moet luister!*

As jy 'n wedloop hardloop en wen, gaan jy saggies rondsluip en sorg dat niemand jou sien/hoor nie? Nee, jy gaan jubel en juig en kyk hoeveel mense het dit raak gesien! Hoekom moet ons dan saggies wees wanneer ons met die wedloop van die Here besig is?


Ps 119:31 Ek kleef u getuienisse aan; o HERE, maak my nie beskaamd nie!

1Joh 2:28 En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

Gaan jy beskaamd staan by die wederkoms van die Here en gaan Hy vir jou sê:

Open 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!

Matt 25:12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.



*Christ is the answer
To all my longing
Christ is the answer
To all my need
Saviour Baptizer
The great physician
Oh, Hallelujah, He's all I need!*

5. “Shout” to the Lord

WOW! Dit raak nou ‘n bietjie radikaal! Waar in die Bybel staan dat ons op die Here mag skree?? Ek en my man het lank oor hierdie saak gewonder en mense gevra wat beteken hierdie begrip wat ons in ‘n liedjie gehoor het. Al wat ons van mense kon kry, was ‘n baie verwarde uitdrukking wat sê: “Is jy nou totaal van jou wysie af?”

As atlete het ons geglo daar is ‘n antwoord op hierdie vraag, ons moet net aanhou soek, want daar is altyd daardie “SHOUT” in jou binneste wanneer jou wedloop reg verloop. Ons het geglo dat hierdie SHOUT iets met die “SHOUT” to the Lord te doen het, maar helaas, die mense het ons nie verstaan nie.

Gisteraand, nadat ek ‘n baie geseënde dag beleef het en tot ruste kom, het ek die lang verwagte antwoord van die Here gekry. Dit was ‘n “special moment” en ek het weer daardie SHOUT ervaar!

Kom ek probeer dit so verduidelik:


Atlete beplan baie van hulle byeenkomste volgens hulle bioritmes. ‘n Bioritme gee die verhouding tussen drie grafieke, nl. emosioneel, fisies en intellektueel. Die dag wanneer die 3 grafieke op die toppunt kruis, is jy veronderstel om ‘n baie goeie dag, ‘n WOW-dag of WOW-wedloop, te beleef. Jy kry daardie “arm-in-die-lug”-oorwinning en ‘n innerlike SHOUT wat juig en jubel:

“ I did it!”

Of dit nou reg is of nie, atlete gebruik bioritme-grafieke om hulle wedlope daarvolgens te beplan, soos bv. die grafiek hieronder.



Nou, hierdie “*SHOUT*” to the Lord is presies dieselfde effek! Elke keer wanneer die Here in jou gewerk het en jy daardie “special moment” met Hom gedeel het, waar Hy jou geantwoord het op ‘n gebed, dan kry jy daardie oomblik van ...

“  Ek het die krag van die Here ervaar!” Ek het genesing sien gebeur / die Here het voorsien / die Here het my gebed beantwoord! Die dag as jy dit ervaar, is so ‘n spesiale oomblik, dat jy dit aanvanklik vir jouself wil hou! Innerlik ervaar jy die “*SHOUT*” van jubel en juig tot die Here! En dis ‘n gevoel wat niemand van jou kan wegneem nie!

Daar is een groot verskil tussen die aardse bioritmes en God se “bioritmes”. Die aardse bioritmes waarvolgens atlete hulle wedlope bepaal, werk in siklusse van 23-30 dae, so die kans dat hulle lyne gaan kruis iewers in daardie maand, is nie te groot nie en kan hoogstens een keer per maand gebeur as dit gebeur, maar ons, wat kinders van die Lewende God is, kan dit ervaar soveel keer as wat ons tot die Here nader en Hy ons antwoord! Daar is nie tyd en grense aan gekoppel nie. Jy kan letterlik daaglik hierdie “*SHOUT*” to the Lord ervaar! Dit is jou persoonlike verhouding met die Here. Hoe sterker jou verhouding is hoe meer gereeld ervaar jy dié *SHOUT* to the Lord! En niemand kan dit wegvat nie!



Volgens my bioritme grafiek is ek veronderstel om intellektueel op ‘n afwaartse lyn te wees vandag. As ek my daaraan gesteur het, sou ek nie vandag aan hierdie boek geskryf het nie. So, ek kan nou alle eer aan die Here gee wat, deur my, hierdie boek die lig laat sien het! Wat ‘n *SHOUT*-belewenis! Die wêreld sê ek is nie reg nie, maar deur die werking van die Heilige Gees het ek dit reggekry!



Hoe weet jy of jy al jou SHOUT ervaar het? Het dit al vir jou gevoel:

1. Of jy uit jou nate wil bars van blydskap en opgewondenheid?
2. Of jy (ongeag jou ouderdom) soos ‘n klein kindjie wil rondspring en huppel soos ‘n bokkie?
3. Of jy al kon sê “Met my God loop ek ‘n bende storm of spring ek oor ‘n muur?”

Het jy al die  in jou hart gevoel?

Dan het jy al die “*SHOUT*” to the Lord! ervaar!

Het jy dit nog nie ervaar nie of wil jy dit meer gereeld ervaar? Volg dan die boodskap van die vorige hoofstukke, soos hieronder opgesom, en gee jou lewe ten volle aan die Here oor en ervaar Sy werk in jou lewe!

Die wedloop – opsomming

- ✓ Sonder jou af
- ✓ Wag op die Here
- ✓ Waak en Bid
- ✓ Bewaar die Woord en die gebooie van die Here
- ✓ Fokus – rig jou hart onverdeelde op die Here
- ✓ Lewer getuienis
- ✓ Bid in die Naam van Jesus
- ✓ Roep die Bloed van Jesus uit oor alles siekte, gevare, bekommernisse en beskerming
- ✓ Antwoord met ‘n Amen op elke gebed / woord wat tot die Here gerig is.
- ✓ Hef julle hande op en Loof Hom, Prys Sy Naam, Halleluja!
- ✓ Wees gehoorsaam en getrou



SHOUT TO THE LORD!

He is the giver of life – Eternal Life –

Can you really live without Him?

*Can you really go without His glorifying presence inside
you?*

Allow Him to change your life

And feel the the powerful SHOUT

*And claim your **victory** in Him!!*



Outoriteit

*Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê:
U is waardig om die boek te neem
en sy seëls oop te maak, want U is geslag
en het ons vir God met u bloed gekoop uit
elke stam en taal en volk en nasie, en het ons
konings en priesters vir onse God gemaak,
en ons sal as konings op die aarde heers.*

Openbaring 5:9-10

4. Skare van geloofsgetuies

Hier kan ek dit nie beter stel as die Bybel self nie! Die skare van geloofsgetuies wat die “*SHOUT*” to the Lord ervaar het, word in Hebreërs 11 uitgelig! As hulle dit kon ervaar, dan kan ons ook!

Betekenen die SHOUT nou dat ons moet skree? Nee, verseker nie! Net soos wat die HERE met gesag en outoriteit praat, het ook die geloofshelde ‘n woord gesprek en dinge het gebeur deur die krag van die Heilige Gees. Dit geld vir ons ook vandag. In die outoriteit van ons erfenis, kan ons ook net ‘n woord spreek in die Naam van Jesus en dit sal gebeur. Wanneer het hierdie woord krag? Wanneer God in en deur jou werk en jy wil SHOUT. Wanneer al hierdie dinge vir jou wedloop bymekaar kom deur die werking van die Heilige Gees in jou!

The POWER of the SHOUT

=

Die Krag van die Heilige Gees

*Hand 6:8 En Stéfanus, vol van **geloof en krag**, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.*

Die geloof dan is ‘n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.

Deur die geloof het Abel ‘n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God

oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.

Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit belof het.

Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.

In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek.

En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.

Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.

*Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer;
ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,
aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het
gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek;
daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.*

*Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die
toekoms.*

*Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef
geseën; en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf.*

*Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van
die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy
gebeente.*

*Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank
weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en
hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.*

*Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun
van Farao se dogter genoem te word,
omdat hy verkies het om liever sleg behandel te word saam met die volk
van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê,
en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van
Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.*

*Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die
koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike
sien.*

*Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die
bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.*

*Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond,
terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.*

*Deur die geloof het die mure van Jériigo geval nadat daar sewe dae lank
omheen getrek was.*

*Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames
omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.*

*En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van
Gídeon, Barak en Simson en Jeftha, Dawid en Samuel en die profete
sou verhaal,*

*wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen,
beloftes verkry, bekke van leeus toegestop,
die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit
swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van
vreemdes op die vlug gedryf het.
Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en
wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry.*

Hebreërs 11

Hoe gebruik ons The POWER of the SHOUT

*Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog
op wat nuttig is. Want aan die een word deur die Gees 'n woord van
wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë
dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan
'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n
ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander
onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n
ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde
Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.*

1 Kor 12:7-11

***Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n
nog uitnemender weg.***

1 Kor 12:31



5. Slot

Ek het nou weer ‘n lang pad met elkeen van julle geloop en vreemde dinge kwytingeraak, maar ek glo dat hierdie boodskap vir elkeen bedoel is wat die krag van die Here in sy lewe wil ervaar en sy wedloop met volharding wil hardloop om die onverwelklike kroon te ontvang wat die Here ons belooft het!

Mag ons verstaan dat geloof nie ‘n passiewe Sondagtaak is nie, maar ‘n daaglikse, aktiewe soeke na die Here en lofprysing tot eer van Sy Naam! Hierdie wedloop is nie vir “couch potatoes” nie.

Die Woord van die Here is waarheid en ek het maar net ‘n paar versies uitgelig om die pad te wys. Daar is nog menigte daarvan in die Bybel – gaan soek dit en LEEF dit!

Kry die SHOUT in jou lewe en hardloop met die Here!

*Vol lof en dankbaarheid
kan ek sing
Geestelik herbore,
Koning se kind
Sy erfgenaam my loflied
weerklink
So gelukkig in my Jesus!*

*The windows of heaven are open
The blessings are falling tonight
There's joy, joy, joy in my heart
For Jesus make everything right
I gave Him my old tattered
garment
He gave me a robe of pure white
I'm feasting on manna from
heaven
And that's why I'm happy
tonight!*


6. Bibliografie

Die Afrikaanse Bybel, 1953 vertaling

e-sword

HAT

The Power of the Blood – HA Maxwell Whyte



*Loof die HERE, alle nasies! Prys Hom,
alle volke!*

*Want sy goedertierenheid is geweldig oor
ons, en die trou van die HERE is tot in
ewigheid.*

Halleluja!

Psalm 117

